

Die Bybelse Nagmaal

Die Bybelse Nagmaal – Jan van der Watt

Elize vra:

Gegroet in die mooi Naam van Jesus! Kan u my dalk help? Ek is op soek na meer inligting oor die Nagmaal. Bybel se Nagmaal, hoe hulle dit in die dae van Jesus gevier het en die kossoorte wat hulle geëet het. Ons selgroep wil graag so 'n Nagmaal reël en sal dit baie waardeer as u vir ons meer inligting kan gee.

Antwoord:

Prof Jan van der Watt antwoord:

Elize se vraag gaan oor die manier waarop die nagmaal gevier is. Dit lyk of die Christene aanvanklik gereeld saamgekom en saam geëet het (Daar is aanduidings dat dit weeliks gevier is (Hand 20:7, 11; 1 Kor 16:2 of selfs daaglik Hand 2:46-47)). By die geleentheid het hulle dan ook aan Jesus teruggedink (lees 1 Kor 10-11, veral hf. 11 in die verband). Dit sou ons die aanvanklike nagmaal kon noem. Daar was ook liefdesmaaltye wat in die vroeë kerk ontwikkel het, waar hulle die arm mense saam met hulle laat eet het sodat hulle ook iets kry om te eet – dit was 'n tipe barmhartigheidsdiens.

Wat en hoe het hulle geëet? Navorsers sê dat die laaste maaltyd baie soos die Grieks-Romeinse dinees van daardie tyd geëet is. Die eters het op banke wat teen die muur van die kamer gestaan het, gelê. Hulle het waarskynlik skuins op hulle linkerarms gelê en met hulle regterhande geëet. Daarom kon Petrus vir die geliefde dissipel wink om vir Jesus iets te vra. Hy het nader aan Jesus gelê (Joh 13:22-25). Die kos is dan op klein tafeltjies naby die banke bedien.

Die maaltyd het na sonder begin met liedere en gebede wat dit 'n egte fees gemaak het – sien Eks 12-13 vir die instelling van die fees (sien ook Lev 23:4-8). Die kern van die gebede was die gebed van die pa van die huis en die opsê van die Hallel (Ps 113-118 – sien Mk 14:26)

Wat die kos betref: brood is gebreek en wyn gedrink. Brood was die basiese komponent van feitlik elke maaltyd en was op verskillende maniere gebruik. Gedurende die paasfees is ongesuurde brood gebruik om terug te dink aan die spoed waarmee daar uit Egipte getrek is. Afgesien van die feit dat dit kos was, was dit as lepel gebruik om die sous uit die bakke te skep. Dit was ook as servette gebruik om die sous van jou hande af te vee. Die 'servet-brood' is dan op die vloer gegooi (dit is die krummels wat die armes en die honde dan geëet het). Dit is dus 'n baie goeie teken vir die nagmaal, want maaltye is nie eintlik sonder brood gehou nie. Hulle moes ook iets hê om te drink. Wyn was ook 'n belangrike deel van die destydse meer formele maaltye. Hulle het die wyn met water verdun (gewoonlik 1 deel wyn met 3 dele water).

Volgens die eerste drie evangelies was dit die paasmaaltyd – die feesmaaltyd wat die Jode elke jaar geëet het om die uittog uit Egipte te vier. Die hoofdis was die paaslam wat geslag en by die feesmaaltyd geëet is. Dit is gebraai – dit was verbied om dit te kook. Daarby is sous van bitter kruie bedien om die swaarkry in Egipte te herdenk (Joh 13:26), asook natuurlik die ongesuurde brode.

As die familie almal bymekaar was, is die eerste kelk wyn geskink. Die familiehoof het dan die seën gevra en ook die kelk wyn geseën. Dan is die bitter kruie neergesit en met of sonder die sous geëet. Die ongesuurde brood was volgende gevolg deur die lamsvleis wat voor die hoof van die huis neergesit is. Die tweede ronde wyn is dan geskink. Die ouste seun vra dan aan die hoof van die huis wat die betekenis van die maaltyd is. Die Egipte verhaal is dan vertel waarna Ps 113-114 gesing is. Daarna is die vleis gesny en geëet. Daarna

is weer (verskeie male) wyn geskink en Ps 115-118 gesing.

Skrywer: [Prof Jan van der Watt](#)